

Markus 5:21-24, 35-43

- 21 *Jesus het daarna met die skuit teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog daar by die see was, het 'n groot menigte om Hom saamgedrom.*
- 22 *Een van die raadslede van die sinagoge, 'n man met die naam Jairus, kom toe daar aan. Net toe hy vir Jesus sien, val hy op sy knieë voor Hom*
- 23 *en smeek Hom dringend: "My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe."*
- 24 *Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en hulle het van alle kante af teen Hom gedruk....*
- ...35: Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom daar mense van die raadslid van die sinagoge se huis af en sê vir hom: "U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester lastig?"*
- 36 *Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die raadslid van die sinagoge: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"*
- 37 *Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie.*
- 38 *Hy kom toe by die huis van die raadslid van die sinagoge aan en sien die hele gedoente van mense wat verskriklik huil en te kere gaan.*
- 39 *Hy het ingegaan en vir hulle gesê: "Wat raas en huil julle so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net."*
- 40 *Hulle het Hom uitgelag. Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net die pa en die ma van die kindjie en die drie dissipels wat by Hom was, saamgeneem en in die kamer ingegaan waar die kindjie was.*
- 41 *Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: "Talita, koem!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!*
- 42 *Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die mense was stom van verbasing.*
- 43 *Hy het hulle toe streng opdrag gegee om niemand anders daarvan te laat hoor nie en gesê hulle moet vir haar iets te ete gee.*

- LEES bostaande Skrigedeelte en DEEL MET MEKAAR** wat in die gedeelte jou die meeste aanraak/ vir jou uitstaan/ waardeur die Here met jou praat.
- PRAAT SAAM:** Waarom vat Jesus in v 37 en v 40 nie almal saam nie, maar (in v37) net Petrus, Jakobus en Johannes en (in vers 40) net die pa en ma en die 3 genoemde dissipels?
- Daar is tye in 'n mens se lewe (*eintlik altyd*) waar alles wat jy kan bied, nie genoeg is om op te maak vir dit wat jy van die Here vra nie. Jairus het hierdie punt in sy lewe bereik. Want wat kan iemand gee in ruil vir sy kind se lewe? **DEEL MET MEKAAR** 'n tyd/gebeure in jou lewe toe jy veral hierdie wete/ besef ervaar het.
- In vers 36 sê Jesus: **"Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"** Jesus sê eintlik hier: Bly net glo, moenie jou moontlikhede beperk tot dit wat jy kan sien en ken nie. Moenie dat logika altyd alles beheer nie. Glo dat daar meer aan die lewe is as wat jy net kan sien. Dus: vertrou My! **DEEL MET MEKAAR** 'n tyd/gebeure in jou lewe waar jy hierdie waarheid veral beleef het.
- BID SAAM** (o.a. vir **pa's** n.a.v. Vadersdag asook vir **Blinde persone** n.a.v. Sondag se Biddag vir Blindes)
"Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare is ewig" (2 Korintiërs 4:18)

"Om te glo is om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebreërs 11:1)

Ek glo in die son, al skyn dit nie, ek glo in liefde, al wys dit nie, ek glo in God, al praat Hy nie. (Bonhoeffer)